
# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 12

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons [illegible] die enige offer van sy liggaam verlos het [illegible] met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader [illegible]s intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy [illegible] en Gees regeer en ons by die verlossing wat [illegible]rf is, beskerm en bewaar.




Vraag 32: W[illegible]

[illegible]an Christus [illegible]dat ek sy [illegible]offer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 12



Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is

Psalm 45:8:  U het geregtigheid lief en U haat goddeloosheid. Daarom, o Goddelike wese, het u God U met olie van vreugde gesalf – meer as u metgeselle.

Jesaja 61:1: Die Gees van my Heer, die HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het. Hy het My gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses, om dié met gebroke harte se wonde te verbind, om dié wat weggevoer is se vrylating aan te kondig en bevryding vir dié wat geboei is,


Lukas 4:18: “Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig. Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig dat hulle vrygelaat sal word, en vir blindes dat hulle weer sal sien, om onderdruktes te bevry,

Handelinge 10:38: hoe God Jesus van Nasaret met die Heilige Gees en met krag gesalf het. Hy het die land deurreis, goed gedoen en almal wat onder die mag van die Duiwel was, genees, omdat God met Hom was.

Hebreërs 1:9: U het geregtigheid lief, en U haat wetteloosheid; daarom, o God, het u God U gesalf met olie van vreugde, meer as u vriende.”

# Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 12**



Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar

Deuteronomium 18:15: “'n Profeet uit jou midde, iemand uit jou volksgenote soos ek, sal die HERE jou God vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister.


Jesaja 55:4: Kyk, 'n getuie vir die volke het Ek hom gemaak, 'n leier, iemand wat bevel voer oor volke.

Handelinge 7:37: Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het, ‘God sal vir julle 'n profeet net soos ek uit julle broers laat opstaan.’

Handelinge 26:22: Omdat ek God se bystand tot op hierdie dag ervaar het, staan ek voor klein en groot, en getuig oor niks anders as wat die Profete en Moses gesê het sal gebeur nie

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 12




Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het

Johannes 1:18: Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak.

Johannes 15:15: Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat 'n slaaf nie weet wat sy eienaar doen nie. Ek het julle egter vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

Handelinge 3:22: Moses het immers gesê, ‘Die Here julle God sal vir julle net so 'n profeet soos ek uit julle broers laat opstaan. Na Hom moet julle luister, na alles wat Hy vir julle sê





Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?


Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het tot ons enigste Hoëpriester,

Psalm 110:4: Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Hebreërs 7:21: maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 12



Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het


Hebreërs 9:12: ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

Hebreërs 9:14: hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

Hebreërs 9:28: so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

Hebreërs 10:12: maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God

Hebreërs 10:14: Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.



Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree

Romeine 5:9-10: Hoeveel te meer sal ons dan deur Hom van die oordeel gered word, noudat ons deur sy bloed geregverdig is! As ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe verlos word noudat ons met Hom versoen is!

Romeine 8:34: Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree.


Hebreërs 9:24: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn;

1 Johannes 2:1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

**Parakleet:** Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

## Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 12**



Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

Psalm 2:6: 6 “Ek self het my Koning gesalf op Sion, my heilige berg.”

Sagaria 9:9: Juig, dogter van Sion! Jubel, dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is regverdig en die oorwinnaar; Hy is nederig en ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkiemerrie.


Matteus 21:5: “Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is sagmoedig en Hy sit op 'n donkie, en op 'n jong donkie, die vul van 'n pakdier.”

Matteus 28:18: Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.

Lukas 1:33: Hy sal vir ewig oor die nageslag van Jakob regeer. Aan sy heerskappy sal daar geen einde kom nie.

Johannes 10:28: Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

Openbaring 12:10-11: Toe het ek 'n harde stem in die hemel hoor uitroep: “Nou het die verlossing en die krag en die koningsheerskappy van ons God deurgebreek, en ook die volmag van sy Christus, omdat die aanklaer van ons broers uitgegooi is, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. Húlle het hom oorwin, op grond van die bloed van die Lam, en op grond van hulle getuienis. Selfs in die aangesig van die dood het hulle nie hulle eie lewens liefgehad nie.




Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Handelinge 11:26: Hy het hom opgespoor en hom na Antiogië gebring. Hulle was 'n hele jaar lank saam met die gemeente en het 'n aansienlike skare onderrig. In Antiogië is die dissipels vir die eerste keer Christene genoem.

Heidelbergse Kategismus


Sondag: 12



Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is

1 Korintiërs 6:15:  Weet julle nie dat julle liggame ledemate van Christus is nie? Sal ek dan die ledemate van Christus neem en deel maak van 'n prostituut? Beslis nie!






Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het

Handelinge 2:17: En dit sal in die laaste dae gebeur,’ sê God: ‘Ek sal my Gees op alle mense uitstort – julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongmense sal visioene sien, en julle ou mense sal drome droom.

1 Johannes 2:27: Maar wat julle betref: die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en daarom hoef niemand julle te leer nie. Maar omdat sy salwing julle alles leer, en omdat dit die waarheid is, en nie 'n leuen nie, bly in Hom, net soos Hy julle geleer het.

Heidelbergse Kategismus



Sondag: 12

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely,

Matteus 10:32: “Daarom, elkeen wat My voor die mense bely, sal Ek ook voor my Vader in die hemele bely.”

Romeine 10:10: Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos.

## Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 12**

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy

Romeine 12:1: Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens.

1 Petrus 2:5: En laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat, deur Jesus Christus, vir God aanneemlik is.

1 Petrus 2:9: Julle, egter, is "'n uitverkore geslag", "'n koninklike priesterdom", "'n heilige nasie", "'n volk wat aan God behoort", "sodat julle die deugde kan verkondig" van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig


Openbaring 1:6: wat ons 'n koninkryk gemaak het, priesters vir God, sy Vader – aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig. Amen.

Openbaring 5:8: Toe Hy die boekrol neem, het die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neergeval. Elkeen het 'n lier en 'n goue bak vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is, vasgehou.

Openbaring 5:10: U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak, en hulle sal as konings oor die aarde heers.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 12



Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry

Romeine 6:12-13: Laat die sonde dan nie langer oor julle sterflike liggaam heers, om julle sy begeertes te laat gehoorsaam nie. Julle moet ook nie meer julle ledemate as wapens van ongeregtigheid tot beskikking van die sonde stel nie. Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, stel julleself tot beskikking van God, en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God.

Galasiërs 5:16-17: Maar ek sê: Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van die vlees uitvoer nie. Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees begeer teen die vlees; die twee opponeer mekaar, sodat julle dit wat julle ook al wil, nie kan doen nie.


Efesiërs 6:11: Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die listighede van die Duiwel.

1 Timoteus 1:18-19: Hierdie opdrag vertrou ek aan jou toe, my kind Timoteus, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry, met geloof en 'n goeie gewete – iets wat sommige mense versaak het, waardeur hulle geloof skipbreuk gely het.

1 Petrus 2:11: Geliefdes, ek dring daarop aan dat julle, as bywoners en vreemdelinge, julle weerhou van liggaamlike begeertes wat stryd voer teen die siel.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 12



Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

Matteus 25:34: Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, ‘Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af.

2 Timoteus 2:12: as ons aanhou volhard, sal ons ook saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;

Openbaring 22:5: Daar sal ook nie meer nag wees nie. Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son sal nie meer bestaan nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle vir ewig en ewig as konings sal heers.

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

## SONDAG: 12 - VRAAG EN ANTWOORD: 31

Vraag: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is[1] tot ons hoogste Profeet en Leraar[2], wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het[3]; tot ons enigste Hoëpriester[4], wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het[5] en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree[6]; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar[7].

1 Psalm 45:8; Jesaja 61:1; Lukas 4:18; Handelinge 10:38; Hebreërs 1:9
2 Deuteronomium 18:15; Jesaja 55:4; Handelinge 26:22; Handelinge 7:37
3 Johannes 1:18; Johannes 15:15; Handelinge 3:22
4 Psalm 110:4; Hebreërs 7:21
5 Hebreërs 9:12; Hebreërs 9:14; Hebreërs 9:28; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14
6 Romeine 5:9-10; Romeine 8:34; Hebreërs 9:24; 1 Johannes 2:1
7 Psalm 2:6; Sagaria 9:9; Matteus 21:5; Matteus 28:18; Lukas 1:33; Johannes 10:28; Openbaring 12:10-11

## SONDAG: 12 - VRAAG EN ANTWOORD: 32

Vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem? [1]

1 Handelinge 11:26

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is[2] en daardeur deel aan sy salwing het[3] sodat ek sy Naam kan bely[4], myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy[5] en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry[6] en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer[7].

2 1 Korintiërs 6:15
3 Handelinge 2:17; 1 Johannes 2:27
4 Matteus 10:32; Romeine 10:10
5 Romeine 12:1; 1 Petrus 2:5; 1 Petrus 2:9; Openbaring 1:6; Openbaring 5:8; Openbaring 5:10
6 Romeine 6:12-13; Galasiërs 5:16-17; Efesiërs 6:11; 1 Timoteus 1:18-19; 1 Petrus 2:11
7 Matteus 25:34; 2 Timoteus 2:12; Openbaring 22:5